—deur Anna Harrington

Genees van blaaskanker

Al wat jy nodig het, is waarheid, goeie genesende hande en toegewyde, nederige mediese praktisyns en die genade en vrede van God en Jesus Christus om jou Godgegewe, selfgenesende stelsel in jou liggaam te herstel.



Go Natural bied For the love of true food-seminare en werkswinkels aan. Woon dit gerus by en bemagtig jouself met inligting en die vaardighede om beheer te neem van julle gesondheid as gesin.

Besoek gonatural.co.za om sy boek te bestel.

SCAN ME

In 2014 het daar bloed in my urine verskyn. Die skandering het 'n donker, dooie nier aan die regterkant van my liggaam getoon. Dit was kanker. My reis het begin.

'n Uroloog en 'n chirurg het my nier, die ureter, 'n stuk blaas, die helfte van die byniere en al die ander kliere in die buikholte verwyder. Die uroloog het my gewaarsku dat dié tipe kanker heel moontlik in my blaas sal opduik. Dit het. Ek het chemoterapie in die blaas ontvang, gevolg deur 'n sistoskopie elke drie maande. Tydens hierdie prosedures is kankerkolletjies van die blaaswand verwyder.

WAT WAS DIE OORSAAK?

Ek het die spesialis gevra wat die kanker veroorsaak het en wat ek in my lewenstyl moet verander. Al wat hy kon sê, was dat die mediese wetenskap kanker slegs kan opspoor en verwyder. Volgens hom was die prognose goed ná die behandelingsprogram. Daar was niks wat ek kon doen behalwe om die behandelingsprotokol van twee jaar te volg nie.

Hoewel my spesialis elke drie maande die kolletjies uit my blaas verwyder het, kon ek voel hoe my gesondheid agteruitgaan. Ek was geïrriteerd en my vel en hare het sleg gelyk. My sig was aangetas en my tinnitus het vererger. My verstandelike vermoëns het beslis ook agteruitgegaan. Ek het gevoel dat ek vinnig verouder en besig is om dood te gaan. Ek was depressief. Ek het diep in my gees geweet iets moet verander, maar wat moes ek doen?

Anna en haar man, Steve, hulle skoondogter, Davidene en hulle kleindogter, Dakota.

'N BESTIERING VAN DIE HERE

Teen die einde van die tweede jaar wou my uroloog my blaas verwyder. Dit was 'n groot skok. Ek wou dit vermy, maar het geen idee gehad wat om te doen nie. Deur 'n bestiering van die Here het ek 'n afgetrede professor ontmoet wat 'n nuwe behandeling voorgestel het en hoewel die kolle verminder het, was dit steeds daar. Ek het steeds gewonder wat die kanker veroorsaak het, want dit is gewoonlik mans ouer as 70 wat gerook het wat hierdie kanker opdoen.

DIE LYDING IS TE ERG

Ná agt maande het ek die professor gevra om dié behandeling ook te staak omdat my uretra platgeval het. Ek was uiters ongemaklik met ontsteking, pyn en 'n voortdurende drang om te urineer. Ek het wanhopig gevoel.

DIE GIFSTOWWE IN MY MOND

Ná desperate gebed het ek besluit om beheer te neem oor my liggaam. Ek het al my gesondheidsmasjiene uitgehaal: 'n versapper, *smoothie*-maker en waterdistilleerder. Ek het Johan Jacobs by Go Natural besoek en sy boek en die DVD-reeks, *Truth About Cancer*, by hom gekoop. Hy het my tydens 'n konsultasie bewus gemaak van die gevare van orale patologie. (Dooie tande – 'n wortelkanaal-behandelde tand – en kavitasies weens kakebeeninfeksies van tande wat getrek is sonder om die periodontale ligament ook te verwyder.) Dit kan die bron van gevaarlike gifstowwe in jou liggaam wees. Ongeveer 80% chroniese mediese siektes kan aan sekere orale patologie gekoppel word.) Ek het aanvanklik geweier om iets omtrent die talle wortelkanale en krone in my mond te doen. Dit het my immers R80 000 uit die sak gejaag! Ek het 'n detoksdieet gevolg en verskeie aanvullings geneem. Ná twee weke het my vel, hare en oë verbeter, maar dit was duur en ek het ook steeds nie by die wortel van die probleem uitgekom nie. Johan het my maande lank probeer oortuig om my wortelkanale en krone te laat verwyder, maar ek het vasgehou aan my tandheelkundige "beleggings". Nadat ek Johan se boek, en dr. Hal Huggins en

> EK KON VOEL HOE MY ENERGIE EN KRAG TERUGKEER. EK HET WEER NORMAAL GEVOEL.

dr. Levy se navorsing gelees het, is ek egter oortuig dat die oorsaak van my siekte moontlik in my mond kon wees. Ek het besluit om onder leiding van Johan se span biologiese tandartse die "Root Causes" te verwyder. Ek het my laaste groot amalgaamstopsel laat verwyder en 'n mond-en-kaakchirurg besoek wat onder meer vyf wortelkanale en krone verwyder het.

Die x-strale van Anna se mond voor die besoek aan die biologiese tandarts (REGS) en ná die wortelkanale en krone verwyder is (BO)



LIGGAAM WEER NORMAAL

Ek het verwag om binne twee weke 'n verskil te sien, maar nie een van my simptome het verander nie. Ek het aaklig gevoel en gedink ek het myself vermink. Intussen het ek voortgegaan met my *smoothies* en versapping en baie gerus. Ná 'n paar weke het ek beter gevoel. Ek het egter nog steeds uretra- en hoofpyn gehad, maar ná drie maande het my gesondheid begin verbeter. Dit was skielik. Ek kon voel hoe my energie en krag terugkeer. My spysverterings- en urienstelsel het weer normaal gevoel, ek het baie beter geslaap, my uretra-ongemak het drasties verbeter en my sig ook. Selfs die vel onder my voete het weer sag geword nadat dit hard en gekraak was.

WONDERLIKE NUUS!

Toe is dit tyd vir my volgende sistoskopie. Vir die eerste keer in meer as vier jaar was my sistoskopie skoon. Watter wonderlike nuus! Geen kanker nie. Daar het jy dit. Ek glo die orale patologie was die oorsaak van my kanker. My herstel het waarlik begin nadat die krone en wortelkanale verwyder is. Ja, daar is 'n beter manier om kanker te hanteer: kom by die wortel van die probleem uit. Doen jouself 'n guns en kyk na *ROOTCAUSE* op YouTube, 'n fliek wat in detail kyk na orale patalogie. God het 'n wonderlike stelsel ontwerp wat homself kan genees. Mag die Heilige Gees jou lei. ■

JOHAN JACOBS *is beskikbaar as gasspreker of vir konsultasies, kontak hom by johan@gonatural.co.za*